Printed by Creda Communications

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ]	Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.
———	Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(Engelse teks deur die Premier geteken)
(Bekragtig op 7 November 2007)

WET

Om die Wet op Minder Formele Dorpstigting, 1991, te wysig ten einde verder voorsiening te maak rakende die wysiging van kennisgewings wat grond as grond vir minder formele vestiging aanwys, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die Provinsie Wes-Kaap, soos volg:—

Wysiging van artikel 3 van Wet 113 van 1991

1. Artikel 3 van die Wet op Minder Formele Dorpstigting, 1991, word gewysig deur die volgende subartikel na subartikel (3) in te voeg:

"(3A)*(a)* Indien dit 'n voorwaarde is van 'n kennisgewing in subartikel (1) bedoel, dat enige deel van die aangewysde grond slegs vir sekere doeleindes gebruik mag word of vir sekere doeleindes nie gebruik mag word nie, kan die Administrateur, indien daar 'n dringende behoefte bestaan om dit te doen, die kennisgewing te eniger tyd wysig om te bepaal dat daardie gedeelte van die aangewysde grond vir ander doeleindes of vir 'n doel wat voorheen nie ingevolge die kennisgewing toegelaat is nie, na gelang van die geval, gebruik mag word.

(b) In die geval van grond in subartikel (1)*(b)* bedoel, mag die kennisgewing nie gewysig word soos in paragraaf *(a)* bedoel nie, tensy die eienaar van die grond skriftelik daartoe ingestem het.

(c) Alvorens die Administrateur 'n kennisgewing wysig soos in paragraaf *(a)* beoog, moet die Administrateur—

(i) die voorgestelde wysiging aan alle persone wat waarskynlik daardeur geraak gaan word adverteer, en

(ii) daardie persone ’n redelike geleentheid bied om vertoë te rig.

(d) ’n Persoon wat skade gely het as gevolg van die wysiging van ’n kennisgewing soos in paragraaf *(a)* beoog, kan, binne ’n tydperk van drie jaar na sodanige wysiging, vergoeding vir die skade van die Administrateur eis.

(e) Die Administrateur moet die eiser vir die skade vergoed met die bedrag waarop die Administrateur en die eiser ooreengekom het of, indien daar geen ooreenkoms is nie, met ’n bedrag bepaal deur arbitrasie, in welke geval die bepalings van die Wet op Arbitrasie, 1965 (Wet 42 van 1965), *mutatis mutandis* van toepassing is.

(f) In hierdie subartikel beteken ‘‘adverteer’’ om kennis te gee aan alle persone of entiteite wie in die opinie van die Administrateur of betrokke plaaslike owerheid, wat die geval ookal is, ’n belang het in die aangeleentheid en wie se adres hy ken of kan bekom en, as die Administrateur of die betrokke plaaslike owerheid so besluit, ’n kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* en in die pers publiseer—

(i) wat die plek en die tyd spesifiseer waartydens besonderhede van die aangeleentheid beskikbaar sal wees vir inspeksie, en

(ii) dat besware by ’n persoon, soos gespesifiseer in die kennisgewing voor ’n datum op dieselfde manier gespesifiseer ingedien word, wat nie minder is as 30 dae na die datum waarop die kennisgewing gedien of gepubliseer is.’’.

Kort titel en inwerkingtreding

2. Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Wysigingswet op Minder Formele Dorpstigting, 2007.